191. T. 5 (94)

# DIE BETEKENIS VAN VAN RIEBEECKDAG

DEUR PROF. H.B. THOM

(Byeenkoms gereël deur die Kultuuraksie-Komitee van Strand-Gordonsbaai, Strand, 6 April 1978, om 10.00 vm.)

Gesteld iemand sou die vraag vra: Wat is die belangrikste datum in die geskiedenis van Suid-Afrika? -- Wat sou ons antwoord wees?

Ek sou geen oomblik aarsel nie; ek sou dadelik antwoord: 6 April 1652.

Waarom kan ek dit sê?
Wat het toe gebeur?

Vrydag, 5 April 1652, het Jan van Riebeeck - met sy vlootjie op pad na die Kaap - eindelik in die verte die top van Tafelberg gewaar. Dit was 'n blye geleentheid want hulle was toe al 103 dae op see. Die volgende dag, Saterdag, 6 April, het Van Riebeeck en sy mense Tafelbaai binnegevaar.

Hulle het 'n vreemde, onherbergsame land aangetref. Daar was geen gevestigde bewoners nie; eers het hulle slegs 'n klompie armsalige Strandloperhottentotte teengekom, wat niks besit het nie en van seekos en opdrifsels geleef het; later het hulle met groter rondtrekkende Hottentotstamme kennis gemaak, wat primitiewe vee besit en voortdurend geskikte weiveld opgesoek het. Owerigens het die land gewemel van wilde diere; en wat mens en dier betref, het die wet van die natuur gegeld: die sterkste was

baas en het meedoënloos oor die swakke geheers.

Op hierdie toneel verskyn Van Riebeeck en sy metgeselle, 'n groepie mense uit die ontwikkeldste, welvarendste land van Europa in dié tyd; die sewentiende eeu was immers die Goue Eeu van die Nederlandse Republiek, en dit was in 1952 - in die middel van hierdie eeu - dat Van Riebeeck aan die Kaap aankom.

Waarom het die datum van sy aankoms vir ons so 'n buitengewone betekenis?

2 redes.

'n Mens sou baie redes kon aangee; laat ons net by die twee vernaamstes daarvan stilstaan.

Die eerste is dat hierdie dag vir ons die begin is; die begin van ons geskiedenis as die geskiedenis van 'n beskaafde land. Wat vooraf gegaan het, lê verspreid in die newels van 'n oer wêreld; Van Riebeeckdag is die beginpunt van ons kontinue geskiedenis wat deurloop tot vandag toe, en wat deur komende geslagte heen nog steeds verder na vorentoe sal deurloop. Die eerste volksplanters het belangrike, groot dinge met hulle saamgebring.

Hulle het die begrip van wet en orde gebring. Hulle het geweet: Mag is nie reg nie; en die swakke moet nie aan die genade van die sterke oorgelewer wees nie. Hulle het die begrip gebring dat die swakke, net soos die sterke, reg op sy besittings en sy lewe het, en dat hy teen die geweld van die sterke beskerm moet word. Uit 'n vooraanstaande Wes-Europese land afkomstig, was hulle die ligdraers van 'n gevestigde, ordelike, beskaafde samelewing.

As grondslag hiervoor het hulle erkende bestuursvorme gebring. Jan van Riebeeck, as amptenaar van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, het natuurlik die bestuursvorme gebring wat onder dié groot handelsmaatskappy gebruiklik was, maar dit het voor=siening gemaak vir die vasstelling van wette, vir die uitvoering van wette, en vir straf van diegene wat die wette oortree.

Van Riebeeck het voorts die Wes-Europese huisgesin na Suid-Afrika gebring. Saam met hom en sy eggenote het hulle seuntjie Lambertus gekom; en aan die Kaap is nog twee seuns en drie dogters gebore. Dít was die huisgesin wat saam in die Fort gewoon het; en saam met hulle ook nog twee niggies van Van Riebeeck. Die huisgesin, soos ons dit ken, een van die fonda=mentstene van ons sosiale orde, het só sy verskyning in Suid-Afrika gemaak.

Ons stigter het ook die bedrywe van sy land en sy volk na Suid-Afrika gebring. Hy het gekom om die skepe van voedingsmiddele te voorsien, daarom het hy onverwyld begin om die grond te bewerk, om groente en graan te produseer; en daarom het hy ook weldra, naas die veeruil met die Hottentotte, 'n eie veeboerdery op tou gesit.

Hy het daarby - en dit is die allervernaamste - die Christendom na Suid-Afrika gebring. Afrika was die Donker Kontinent; en Suid-Afrika lê ver weg van die lande wat die Christendom reeds vroeg aanvaar het. Van Riebeeck het gekom van 'n land waar die Christelike geloof - meer bepaald die Protestants-Calvinistiese vorm daarvan - aangehang en verdedig is; en as ons na die Kaapse dokumente van die tyd kyk, sien ons watter belangrike

plek die Christelike geloof in sy administrasie en huislike kring ingeneem het. Dit tref 'n mens bv. dat hy telkens die ver=gaderings van sy Raad plegtig met gebed open, en dat hy ook die Here bid dat die gereformeerde Christelike godsdiens onder die heidense inboorlinge versprei mag word.

Hierdie is 'n paar van die dinge wat op 6 April 1652 na Suid-Afrika gekom het - wet en orde, beskaafde bestuursvorme, gesins- en familielewe, boerderybedrywe en bowenal die Christelike geloof - dit is groot dinge; dit beklemtoon vir ons die betekenis van die dag wat daarmee geassosieer word.

En wat het daar nie alles uit die klein begin voortgevloei nie! Van Riebeeck het, deur die toelating van vryburgers die ver=versingstasie tot 'n gevestigde kolonie ontwikkel. Daarna het die getal van die vryburgers toegeneem; blanke bedrywe het uitgebrei; die binnelande is bewoonbaar gemaak; dorpe en stede het ontstaan; state is gestig; die Christendom en die blanke beskawing het in 'n donker land geseëvier; en met Godsvertroue het 'n nuwe volk tot die volkery van die wêreld toegetree. - Dit alles het in die loop van die jare gebeur, met geduldige arbeid, met veeleisende inspanning, en soms ook met stryd en bloedvergieting.

Vanselfsprekend is al hierdie dinge nie regstreekse resultate van die koms en werk van Van Riebeeck nie, maar onregstreeks is dit <u>alles</u> uitvloeisels daarvan.

Ek het al hoor sê dat 6 April nou wel ons stigtingsdag is, maar dat daar net so goed 'n ander stigtingsdag kon gewees het; dat Van Riebeeck nou wel ons stigter is, maar dat daar net so goed

'n ander stigter kon gewees het. Hierin lê daar 'n dwaling: In die geskiedenis werk ons nie met moontlikhede of veronder= stellings of hipoteses nie; ons kan bv. nie sê as dit of dat nie gebeur het nie, sou dit of dat dan weer nie só gewees het nie. Dis 'n soort speletjie waarmee mense hulle soms vermaak, maar in die geskiedenis deug dit nie. In die studie van die verlede het ons met feite te doen: ons bestudeer die feite, ons gaan oorsake na, ons bepaal gevolge en ons stel wisselwerking vas.

Die feit van ons geskiedenis is dat Jan van Riebeeck op 6 April 1652 hier aangekom het. Hierdie feit sal tot in lengte van dae staan, en daarom sal dit ook altyd waar bly dat hierdie dag vir ons die begin van die genoemde groot dinge aandui. Dr. S.F.N. Gie, eerste professor van Suid-Afrikaanse Geskiedenis op Stel= lenbosch, het lank gelede reeds geskryf: "'n Merkwaardige dag en datum hierdie, Saterdag, 6 April 1652. Die Europese beskawing op die vooraand van sy blywende intrek eindelik vas geanker aan die strand van Suid-Afrika, vanwaar dit nie weer sou verdwyn nie!"

I now come to the second important reason why Van Riebeeck Day has a special significance. This is that it can readily be commemorated by all the people - and peoples - of South Africa, literally all: Afrikaans speaking, English speaking; and not only the white people, also the Coloured, the Indian and even the black population. It binds all groups together and unites them in the awareness of a common South African heritage.

In view of our historical background and our plural population

composition, it is only natural that the different population groups should have their own accents in their cultural lives. And this applies also in respect of their historical days: the Day of the Covenant and Kruger Day are understandably primarily days of Afrikaans speaking people; Settlers' Day is understandably primarily a day of the English language section.

It would, of course, be a fine thing if the two language groups attended each other's commorative occasions and shared each other's culture, history and traditions, but we must confess that this, at the present time at least, happens only in a limited way. I do not think for one moment that it can be regarded as an indication of a feeling of animosity; on the contrary, I am sure that the relationship between the two white language groups in South Africa is today better than ever before. The fact nevertheless remains that they are, by and large, spiritually geared to different historical days.

Our Coloured people associate themselves, in so far as the Day of the Covenant, Kruger Day and Settlers' Day are concerned, on a small scale with the white people - and also this is understandable in view of South African history. But the great majority do not regard and experience these days as their own cultural possessions. To them they belong to the white people; they realise the historical importance; they appreciate the significance; but the days do not appeal to them in the sense that they can really cherish them in the way the white people do.

As far as our black people are concerned, we must be frank and admit that the Day of the Covenant, Kruger Day and Settlers' Day

mean very little to them. It may be said that the Dutch Reformed Church has - due to mission work among the black people - succeeded in promoting with them a degree of positive understanding of the Day of the Covenant, but for the rest they are apathetic, some even unnecessarily hostile.

Our most recent historical, national day, viz. Republic Day, fortunately has possibilities of being accepted more and more by all population groups. We are indeed grateful for this, and do whatever we can to foster this spirit in a healthy way. At the same we know that we have a long way to go.

Comparing these public festival days with Van Riebeeck Day, we immediately become aware of a radical difference. Van Riebeeck Day lies far back in South African history; all of us - white and non-white - have experienced its deep significance; we all share the great things this day has meant for South Africa; Van Riebeeck Day contains no element calculated to estrange any of our population groups.

It has been my good fortune to address Van Riebeeck Day gatherings at various places, e.g. in the City Hall of Cape Town, in the City Hall of Johannesburg, in the Clarendon Hall in Bloemfontein, at Coetzenburg in Stellenbosch, in a non-white school at George, and at a meeting of Coloured people in Stellenbosch. On occasions like these I have always been moved, and at the same time inspired. Everywhere I found the same spirit: grateful tribute to our Founder, and gratitude for the blessings that followed.

When Dr. Malan became Prime Minister in 1948 a group of Coloured

men from Cape Town visited him to pay their respects and to congratulate him. The spokesman made a brief speech appropriate to the occasion. He concluded with the simple, genuine, emotional words: "Want sien, Dr., ons sit saam met u in die son van Suid-Afrika". - This is the kind of spirit radiated by Van Riebeeck Day.

In 1949 and 1950, as a result of a decision by the late Dr. T.E. Dönges - at the time Minister of Interior in Dr. Malan's cabinet - a Commission of Inquiry into our national days toured the country and listened to representations at a number of centres. I was a member of the Commission, and listened attentively to the reasons why people wanted certain national days. It struck me that an overwhelming majority of representatives were strongly in favour of the 6th of April as a national day; and when asked for their motivation, they promptly replied: All can share the commemoration of this day, because it belongs to all of us. - The Commission soon became convinced of the genuineness of the wish; it unanimously recommended Van Riebeeck Day as a national festival day and public holiday, and Dr. Malan's government readily accepted the recommendation.

It is an interesting fact that the significance of 6th April was already recognised far back in our history. Indeed, Van Riebeeck himself was the first to show the way. This can be seen from an entry in his well-known Journal on 6th April 1654, i.e. exactly two years after his arrival at the Cape. Translated into English, the entry reads: " ...... resolved ..... to celebrate this 6th day of April in the name of the Almighty, and henceforth to set it aside for all time as a day of thanksgiving and prayer,

so that our descendants may never forget the mercies we have received at the Lord's hands, but may always remember them to the glory of God". - And the next few years on this day, we find Van Riebeeck and his small group together in the Fort, carrying into effect their spontaneous wish and decision.

Also, the Dutch Reformed Church as far back as 1826 recognised the importance of 6th April. On the 14th November of that year the second Cape Synod devoted special attention to this day and pointed out that it was the day on which the Colony was founded and the Christian faith introduced into South Africa. - If the people of 1826 had reason to ~~say~~ note this day, then surely it follows that we of today, more than one hundred and fifty years later, we who have seen and received so much more, have far greater reason to regard 6th April as a special day on our calendar.

Laat ons nou afsluit. Suid-Afrika moet hom rekenskap gee van sy verlede; die mense van Suid-Afrika moet hulle blikke laat val op die weë waarlangs hulle gekom het, tot ver terug, tot daar by die begin. En as ons elke jaar by 6 April kom, laat ons dan weet dat ons die vernaamste dag van ons geskiedenis herdenk: dit dui vir ons die koms aan van so baie dinge wat onmisbaar geword het; dit is by uitstek die dag wat ons met vreugde in die hart almal saam kan vier.

Suid-Afrika kan so 'n dag vandag nie ontbeer nie. Ons het so baie wat verdeel, verbrokkel en uitmekaar dryf; ons het so min wat waaragtig saambring, saambind en saam besiel.

Van Riebeeckdag is een van die dinge wat saambring, saambind, saam besiel. Dit help om geestelike inhoud aan ons bestaan alhier

te gee; dit help ons - en dit help die buiteland - om ons as mense van Afrika te identifiseer. Hierin lê 'n faktor wat ons gesamelike geeskrag kan voed, 'n faktor wat ons vorentoe, in die gevaarlike wêreld van vandag, nog baie, baie nodig gaan kry.

Teleurstelling.
Beroep.

H.B. THOM

STRAND

6 April 1978